



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2012

GEOGRAFIE V2

PUNTE: 100

TYD: 1½ uur

NAAM: _____



* G E O G A 2 *

| | | PUNTE | MOD |
|----|----|-------|-----|
| V1 | 20 | | |
| V2 | 20 | | |
| V3 | 40 | | |
| V4 | 20 | | |

| TOTALE PUNT | MOD |
|-------------|-----|
| 100 | 100 |

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.


INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Skryf jou NAAM in die spasie voorsien op die dekblad van hierdie vraestel.
2. Beantwoord AL die vrae in die spasies wat OP HIERDIE VRAESTEL voorsien is.
3. Jy word van 'n 1:50 000 topografiese kaart (3418 BB SOMERSET-WES), asook 'n ortofotokaart (3418 BB 7 SOMERSET-WES) van 'n deel van die kaart voorsien.
4. Die topografiese kaart en ortofotokaart moet na afloop van die eksamensessie aan die toesighouer oorhandig word.
5. NOTA: Die hulpbronmateriaal (topografiese kaart en ortofotokaart) moet deur die skool vir toekomstige gebruik ingeneem word.
6. 'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
7. 'n Woordelys van sommige van die Afrikaanse en Engelse woorde en hulle vertalings verskyn op die volgende bladsy.

**WOORDELYS
(SOMMIGE VAN DIÉ TERME MAG OP DIE KAARTE VERSKYN.)**

| AFRIKAANS | ENGLISH |
|----------------------------|-----------------------|
| Steenmakery | Brickworks |
| Landingstrook | Landing Strip |
| Uitgrawings | Diggings |
| Natuurreservaat | Nature Reserve |
| Skougronde | Show Grounds |
| Beboste gebied / Plantasie | Woodland / Plantation |
| Begraafplaas | Cemetery |
| Studam | Weir |
| Kampeerterein | Camping site |
| Karavaanpark | Caravan Park |
| Golfbaan | Golf Course |
| Voor | Furrow |
| Hospitaal | Hospital |
| Skietbaan | Shooting Range |
| Ossewa-Trek | Ox Wagon Trek |
| Rioolverwerkingsaanleg | Sewage Disposal Works |

LIGGING VAN SOMERSET-WES IN SUID-AFRIKA



AFDELING A**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Die volgende stellings is op die 1:50 000 topografiese kaart 3418 BB SOMERSET-WES sowel as die ortofotokaart 3418 BB 7 van dieselfde gebied gebaseer. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende stellings gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) in die blokkie langs elke stelling neer.

1.1 Die gekarteerde gebied wes van Somerset-Wes 3418 BB is ...

- A 3419 AA.
- B 3418 BD.
- C 3418 BA.
- D 3419 BD

1.2 Die kontoerinterval van die ortofotokaart ...

- A 5.
- B 10.
- C 20.
- D 2.

1.3 Die seestroom wat suidwes van die dorp Somerset-Wes aangetref word, is die ...

- A Mosambiek.
- B Peruviaanse.
- C Benguela.
- D Kaapstad.

1.4 Die nommer 3418 op die topografiese kaart en ortofotokaart stel die ... voor.

- A vlugnommer van die reeks
- B tyd en datum van die kaart
- C magnetiese deklinasie
- D breedtegraad en lengtegraad van die area

1.5 Die Steenbrasrivier (L6) vloei in 'n ... rigting.

- A oostelike
- B noordoostelike
- C noordwestelike
- D suidwestelike

1.6 Die tersiêre aktiwiteit wat by O op die ortofotokaart voorkom, is 'n ...

- A poskantoor.
- B karavaanpark.
- C gholfbaan.
- D moeras en vlei.

1.7 Die kuslyn in blok K6 op die topografiese kaart is hoofsaaklik ...

- A gelyk.
- B droog.
- C rotsagtig.
- D sanderig.

1.8 Die ware peiling vanaf die X (G5) na Die Domes trigonometriese stasie Δ 9 (B8) is ...

- A 32°.
- B 212°.
- C 40°.
- D 220°.

1.9 Indien jy per spoorlyn vanaf Steenbrasstasie (I 12) ooswaarts reis, sal die volgende stasie ... wees.

- A Caledon
- B Elgin
- C Belville
- D Kaapstad

1.10 Die kenmerk by die ruitverwysing 34°04'45"S en 18°46'05" O is die ...

- A rioolwerke.
- B beboude gebied.
- C Macassarstrand.
- D bewerkte land.

(10 x 2) (20)

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B**VRAAG 2: KAARTWERKTEGNIËKE EN -BEREKENINGS**

- 2.1 Bereken die gemiddelde gradiënt vanaf trigonometriese baken Δ 148 (blok C8) en die hoogtemerk 21.1 (blok G7). Toon AL die berekeninge.

(5)

- 2.2 Bereken die oppervlakte van blok A1 op die topografiese kaart. Toon ALLE berekeninge en toon jou antwoord in km^2 .

(5)

- 2.3 Wat het kontoere, trigonometriese stasies, punthoogtes en hoogtemerke in gemeen?

(2)

2.4 Verwys na trigonometriese baken 112 (blok J9) en trigonometriesel baken T (blok M6). Is hierdie twee plekke vir mekaar sigbaar? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Antwoord: _____ (1)

Rede: _____

(2)

2.5 Bereken die magnetiese deklinasie vir die jaar 2012. Toon AL die berekeninge.

Verskil in jare = _____

Gemiddelde jaarlikse verandering = _____

MD vir 2012 = _____


(5)

TOTAAL AFDELING B: 20


AFDELING C

VRAAG 3: KAARTINTERPRETASIE EN -ONTLEDING

- 3.1 Die sketskaart hieronder is 'n voorstelling van die area wat deur die topografiese kaart gedek word. Bestudeer die topografiese kaart en die ortofotokaart en dui dan die verskynsels, waarna daar in VRAE 3.1.1 – 3.1.5 verwys word, so akkuraat as moontlik op die sketskaart aan.

Reference

River
Roads
Railway
Built-up areas

Verwysing

Rivier
Paaie
Spoorweg
Beboude gebiede

- 3.1.1 Wat is die naam van die dorpie **A** wat op die skets kaart gemerk is?

_____ (1)

- 3.1.2 Gebruik die letter **B** om die spoorlyn wat Elgin met Somerset-Wes verbind, aan te dui.

Kaart

_____ (1)

3.1.3 Watter primêre ekonomiese aktiwiteit word by C aangetref?

_____ (1)

3.1.4 Gebruik (XXXX) om die Hottentots Hollandberge aan te dui.

Kaart _____ (1)

3.1.5 Gebruik die letter **D** om aan te dui waar die konstruktiewe golwe, aangetref word.

Kaart _____ (1)

3.2 Reënval in die gekarteerde gebied is seisoenaal en onbetroubaar. Gee TWEE bewyse vanaf die kaart, van maniere wat boere gebruik om die probleem van watertekorte gedurende periode van lae reënval, te oorkom.

(2 x 2) (4)

3.3 Gee 'n rede vir die kronkelende N2, noord-oos van Gordonsbaai op die topografiese kaart.

(1 x 2) (2)

3.4 Benoem die oorheersende tipe landbou wat langs die oewers van die Kogelbergdam beoefen word (blokke M14 en M15).

_____ (1 x 2) (2)

3.5 Gee 'n rede waarom daar rye bome op die plase in blokke M14 en M15 aangeplant is.

(1 x 2) (2)

- 3.6 Die nywerheidsgebied van Somerset-Wes (ruit F6) het 'n goeie ligging. Gee en verduidelik DRIE faktore wat die ligging beïnvloed.

(3 x 2) (6)

- 3.7 Identifiseer die kulturele (mensgemaakte) kenmerke gemerk **P**, **Q**, **R** en **S** op die ortofotokaart. Kies uit die onderstaande lysie. Gebruik die topografiese kaart as hulpmiddel om jou antwoorde te bepaal.

Skool Fabriek Winkelsentrum Reservoir

P =

Q =

R =

S =

(4 x 2) (8)

- 3.8 Identifiseer EEN fisiese faktor wat veroorsaak het dat die area 'n gewilde vakansiebestemming geword het.

(1 x 2) (2)

- 3.9 Somerset-Wes is 'n belangrike toeristebestemming. Deur van die kaart gebruik te maak, noem DRIE ontspanningsgeleenthede wat die dorp aan toeriste bied.

(3 x 2) (6)

- 3.10 In watter provinsie van Suid-Afrika is Somerset-Wes geleë?

(1 x 1) (1)

- 3.11 Watter groot stad is die naaste aan Somerset-Wes geleë?

(1 x 2) (2)

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D

VRAAG 4: GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

4.1 Onderskei tussen ruimtelike- en attribuut data.

Ruimtelike:

Attribuut:

(2 x 2) (4)

4.2 Verskaf 'n werklike voorbeeld van die volgende vanaf die topografiese kaart in blokke A8, L9 en L10.

Punt:

Lyn:

Poligoon (Area):

(3 x 2) (6)

4.3 Onderskei tussen vektor- en rasterdata.

Vektor:

Raster:

(Konsep)

(2 x 2) (4)

4.4 Wat is 'n Geografiese Inligtingstelsel (GIS)?

(1 x 2) (2)

4.5 Noem enige TWEE komponente van 'n GIS.

(2 x 2) (4)

TOTAAL AFDELING D: 20

GROOTTOTAAL: 100

